17 Mei 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

BELEEF BEHOORT BEDIEN




*"God is Gees,*
*en dié wat Hom aanbid,*
*moet Hom deur die Gees*
*en in waarheid aanbid."*

Joh4:24

## EREDIENSTE

**VANDAG**
**PINKSTER**

Deuroffers: Bybelgenootskap

08:30
**EEN EREDIENS OM 08:30**
Ds Anton

40 DAE: ***DIE HART VAN AANBIDDING***
Johannes (John) 4:23-24
Romeine (Romans) 6:13
Romeine (Romans) 12:1,2

**Bababediening, Kinderkerke, Space**

10:30
Belydenisklas

"Wys my om te leef en om kind van God te wees,
In gees en waarheid – wil ek die Here dien!
Gee my krag om te kan staan – en die vyand te verslaan,
In hierdie lewe – 'n soldaat vir U te wees."

– *Wys my om te leef*

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**MEI**

17: Selenta Cloete, Kenneth Carse
18: Marie Koekemoer, Sienie van Wyk
20: Erens van Jaarsveld
21: Japie Ellis
22: Izak van der Walt (80jr)



## NAGMAAL SKUIF

Die Nagmaalsdiens van So 24 Mei verskuif na So 21 Junie.

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES




## HEIDEKOPPIE DAMES WHATSAPPGROEP

Sluit aan by hierdie whatsappgroep deur die skakel hieronder te volg.
Op die groep sal inligting ivm die kwartaalikse damesbyeenkoms verskyn en Lucindia plaas ook 'n weeklikse boodskap van inspirasie en bemoediging.

https://chat.whatsapp.com/LjPOuvurzFY9pWoisdHQSh



## LIED 436:3

Herskep, o GEES, laat ons *herleef* ,
maak wakker elkeen in **Ú** kerk.
*Laat ons uit God se liefde leef.*
en dankbaar **WAAK** en **BID** en **WERK**.

*- Liedboek van die Kerk*

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# KWARTAAL 2 – 'N KWARTAAL OM GEESTELIK TE GROEI

*"Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe." 1 Tim 4:7*

## SONDEBESEF



Ons geestelike groei begin met eerlikheid voor God. Hoe nader ons aan die Here beweeg, hoe meer maak die Heilige Gees ons liefdevol bewus van areas in ons lewe wat die Here nie gelukkig maak nie. Ons raak meer bewus van hoe dit ons gevange hou.

**Hoe helderder God se lig op ons skyn, hoe meer sien ons die donkerder kolle raak.**
Ongeduld, venynigheid, 'n geheime verhouding, skinder, te veel alkohol, halwe waarhede, pornografie, biddeloosheid, materialisme, misbruik van God se Naam, verkeerde vriende, inhaligheid.

Hierdie bewuswording van sonde is nie bedoel om ons te veroordeel nie, maar om ons nader te trek aan die hart van ons genadige Vader in die hemel.

## SKULDBELYDENIS



**Wanneer die Heilige Gees ons bewus maak van dinge wat nie reg is, bely ons dit voor die Here.**

Ons vra vergifnis vir ons verkeerde **gedagtes en gesindhede**, verkeerde **optredes**, verkeerde dinge wat ons **gesê** het. Belydenis is veel meer as net "Vergewe my al my sondes."
Dit is 'n opregte berou en ons noem die verkeerde dinge by naam wanneer ons voor die Here erken dat ons nie in eie krag hiermee kan breek nie.

## BREEK MET DIE SONDE



**Ons moet ook met ons sondige gedrag breek** en kies om God te volg.
God se genade vergewe ons nie net nie, maar gee ook aan ons die krag om te verander.

Geestelike groei kan nie plaasvind terwyl ons aan sonde vashou nie. Wanneer ons bely, oorgee en God toelaat om ons daagliks te verander, groei ons in vryheid en vrede en word ons meer en meer soos Jesus.

God se genade is altyd groter as ons mislukkings en Hy gaan liefdevol voort met Sy werk in ons, dag vir dag.

*"Bekeer julle dan en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis en sal daar TYE VAN VERWIKKING van die Here af kom."* Handelinge 3:19



# BİD SAAM

**VLOEDRAMP**

Voel jy te oorweldig om te bid?

Hier is enkele gebedspunte om jou te help

*Bid*

- vir die verspreiding van kos, water en medisyne na dorpe wat afgesny of moeilik bereikbaar is.
- vir tydelike veilige blyplek vir mense wat hulle woonplekke veloor het.
- vir mense wat slagoffers kan help om hulle emosionele trauma te verwerk.
- dat die ramp mense nader aan die Here sal laat beweeg en nie verder sal laat wegdryf nie.
- dat kerke, geloofsgemeenskappe en gelowige individue sout en lig sal wees en sal voorloop met praktiese hulp, vertroosting en omgee.
- vir opruimingspanne vir die volgende paar maande - vir toeganklikheid tot gebiede, wysheid, die nodige toerusting en finansies.
- vir die herstel van die infrastuktuur (paaie, kragtoevoer, watersuiwering ens)– korttermyn en langtermyn.
- teen die uitbreek van siektes.
- dat die Here vertroosting sal bring.



"Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak (Helper, Trooster) stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid." Joh 14:16

# ALLERLEI

**RAMPHULP - FINANSIËLE BYDRAES**

Diaconia is die Bamhartigheidsaksie van die NG en VG Kerk. Diaconia se Hoop-en-Versoeningstrust is een van die plekke waar NG lidmate en donateurs kan geld skenk en seker kan wees dat dit verantwoordelik aangewend word.

*Navrae:* Alex Clark by 083 492 5753 /
*Artikel 18-sertifikate*: diaconia@kaapkerk.co.za

*Bankbesonderhede:*
The Hope and Reconciliation Trust
Nedbank Southern Peninsula Tak (198 765)
Tjekrekningnr 116 997 5933
*Verwysing: Rampfonds*




**BYBELS TE KOOP BY DIE KERKKANTOOR:**
Afrikaans (1983 en 2020-vertaling), Engels (GNT) en isiXhosa (1996)
**Grootte:** 210 x 135mm
Kwaliteit: Soos 'n "slapbandboek".
(2020-vertaling: hardeband)
Koste: R120










